

**GHOLFKLUB  
KUILSRIVIER  
GOLF CLUB**

**GRONDWET**

**soos gewysig tydens Algemene Jaarvergadering gehou 26 September 2019**

**CONSTITUTION**

**as amended during Annual General Meeting held on 26 September 2019**

# **GRONDWET VAN KUILSRIVIER GHOLFKLUB**

## **INHOUDSOPGawe**

### **A. DIE KLUB**

1. NAAM
2. WOORDOMSKRYWING
3. DOELSTELLING
4. REGSPERSOONLIKHEID
5. BEDRYWIGHEDE
6. REËLS VAN DIE SPEL
7. DIE KLUB SE KLEURE

### **B. LIDMAATSKAP**

8. KATEGORIEË VAN LEDE
  - 8.1 Vol Lid
  - 8.2 Beperkte lid
  - 8.3 Oorgangs Lid (35 en onder)
  - 8.4 Aanvangs Lid (26 en onder)
  - 8.5 Skolier Lid (18 en onder)
  - 8.6 Erelid
  - 8.7 Erepresident
  - 8.8 Ex Offico Lede (Werknemers)
  - 8.9 Seisoenale Lid
9. TOELATING AS LID
10. STEMGEREGTIGDE LEDE
11. REGISTER VAN LEDE EN KENNISGEWINGS AAN LEDE

12. VERGADERING VAN LEDE
  - 12.1 Algemene Jaarvergadering
  - 12.2 Spesiale Algemene Vergadering
13. REGTE EN VERPLIGTINGE VAN LEDE
  - 13.1 Klagtes deur Lede
  - 13.2 Skade gely deur Lede
  - 13.3 Betalings van Ledegeld
  - 13.4 Skade veroorsaak deur Lede
  - 13.5 Aanspreeklikheid van Lede
  - 13.6 Speelregte
14. BEDANKING VAN LEDE EN VERANDERING VAN LIDMAATSKAP

### **C. BESTUUR**

15. AMPSDRAERS EN BESTUURSLEDE
16. VERKIESING VAN AMPSDRAERS EN BESTUURSLEDE
17. VERGADERINGS VAN DIE BESTUUR
18. BEVOEGDHEDE EN VERPLIGTINGE VAN DIE BESTUUR
  - 18.1 Vasstelling van Tariewe
  - 18.2 Toelating van nie-Lede tot Perseel
  - 18.3 Lenings- / Belegingsbevoegdheid namens Klub
  - 18.4 Ondertekening van Dokumente
  - 18.5 Opstel van Huishoudelike Reëls
  - 18.6 Aansoek doen vir Dranklisensie
  - 18.7 Kennisgewings aan lede.
  - 18.8 Hantering van noodgevalle.
  - 18.9 Reservering van gedeeltes van persele.
  - 18.10 Dissipline.

18.11 Opskorting van Lidmaatskap.

18.12 Ander Algemene Bevoegdhede

19. DAMES AFDELING EN BESTUUR

**D. ALGEMEEN**

20. AANSTELLING VAN OUDITEURE

21. GASTE

22. WYSIGING VAN GRONDWET

23. ONTBINDING VAN KLUB

24. UITLEG VAN GRONDWET

## A. DIE KLUB

### 1. NAAM

Die naam van die klub is **KUILSRIVIER GHOLFKLUB**, waarna hierna verwys word as DIE KLUB.

### 2. WOORDOMSKRYWING.

#### 2.1 DIE KLUB

Dit sluit in die klubhuis, persone, toerusting en grond, tensy dit strydig is met die verband hiervan.

#### 2.2 LID

'n Lid van hierdie Klub, en is van toepassing op die manlike en die vroulike geslag en sluit die enkelvoud en meervoud in en vice versa.

#### 2.3 DRANKWET

Die Drankwet van die Republiek va Suid-Afrika, Nr. 87 van 1977, soos gewysig.

#### 2.4 INTREEFOOIE

n Eenmalige bedrag vasgestel deur die Hoofkomitee wat betaalbaar is om 'n lid te word.

#### 2.5 LEDEGELDE

Die bedrag wat jaarliks betaal moet word deur 'n lid, welke bedrag deur 'n algemene Jaarvegadering bepaal word. Die komitee het die reg om maandeliks betaalde ledegeld toe te laat.

#### 2.6 FINASIËLE JAAR

'n Volle jaar van 1 Januarie tot 31 Desember

#### 2.7 KENNISGEWINGBORD

Die kennisgewingborde in die gebou van die Klub.

#### 2.8 STEMREGTIGDE LID

Lede wat mag stem by Algemene Jaarvergaderings en Spesiale Jaarvergaderings.

#### 2.9 SPESIALE RESOLUSIE

'n Besluit geneem by 'n Spesiale Algemene Vergadering, goedgekeur deur 'n twee- derde meerderheid van lede teenwoordig.

#### 2.10 BESTUURSLID

Enige lid van die bestuur van die klub of 'n komiteelid.

### 3. DOELSTELLING

Die Klub word gevestig om:

#### 3.1 al die gebruiklike oogmerke van 'n Gholf- en sportklub ten uitvoer te bring, alles te doen en sodanige verpligtinge na te kom as wat nodig mag wees vir en

gepaardgaande met sodanige oogmerke en om al die fasiliteite van 'n gholf- en sportklub te verskaf en instand te hou;

- 3.2 gesikte eiendom vir die algemene doeleteindes van die Klub, te huur of te koop en om dit te bevestig en te hernu op dieselfde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes waarop daar ooreengekom kan word;
- 3.3 aansoek te doen om sodanige lisensies en dit te verkry as wat nodig is vir die verkoop van artikels en verbruikersware, wat gewoonlik en gebruiklik sportklub wat 'n klub dranklisensie het, verkoop word.

#### **4. REGSPERSOONLIKHEID**

Die Klub is 'n afsonderlike liggaam en 'n regspersoon, onafhanklik van sy lede, en is die wettige eienaar van sy bates, beleggings en fondse, en tree in sy eie naam op as eiser of verweerde in regsprosesse, verkry en vervreem eiendom, sluit kontrakte, en doen al sy sake in die algemeen. As sodanig is die Klub aanspreeklik vir die betaling van sy skuldeisers en nie die lede nie.

#### **5. BEDRYWIGHEDE**

Die eiendom en inkomste van die Klub, uit watter bron dit ookal ontvang word, word alleenlik aangewend vir die bevordering van die doelstellings van die Klub, soos in hierdie grondwet en reëls uiteengesit en geen deel daarvan sal as wins aan lede van die Klub op enige wyse direk of indirek oorbetaal of oorgedra word nie, met dien verstande egter dat niks hierin die Klub verbied om te goedertrou enige amptenaar of werknemer van die Klub of enige lid daarvan te vergoed vir dienste wat werklik vir die Klub gelewer is nie.

Die Klub het nie die bevoegtheid om enige besigheid te bedryf, insluitend, inter alia, gewone handels bedrywighede in die kommersiëële sin, spekulatiewe transaksies, dividenter afskepping aktiewiteite asook die verhuring van eindom op 'n stelselmatige of gereelde basis nie. Die Klub mag nie deel wees van 'n belastingontduiking skema nie. Die aktiwiteit van die Klub sal op 'n nie winsgewende manier bedryf word.

Geen skenking sal aanvaar word wat herroepbaar is op aandrang van die skenker vir ander redes as die weselike versuim om aan die aanwysing oogmerke en voorwaardes van sodanige skenking, insluitend enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge artikel 18 A : met dien verstande dat 'n skenker ( behalwe 'n skenker wat 'n goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie of 'n instelling raad of ligaam wat van belastig vrygestel is in terme van artikel 10 (1) (cA) (1), wat se enigste of vernaamste oogmerk die beoefening van enige openbare weldaads aktiwiteit is) nie enige voorwaardes mag stel wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon metbetrekking tot bedoelde skenker in staat sal stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skunking te verkry nie.

Geen hulpbronne sal gebruik word om, direk of indirek, enige politieke party vooruit te ondersteun of teen te staan nie.

## **6. REËLS VAN DIE SPEL**

Die reëls van die spel gholf, sal wees die reëls van die "ROYAL AND ANCIENT GOLF CLUB OF ST ANDREWS" en die "UNITED STATES GOLF ASSOCIATION", onderhewig egter aan sodanige wysigings, aanpassings en byvoegings om by plaaslike omstandighede en toestande aan te pas, soos deur die komitee van tyd tot tyd wenslik en nodig geag word op voorwaarde dat sodanige wysigings, aanpassings, of byvoegings nie teenstrydig is met die sodanige Reëls nie.

## **7. KLUB SE KLEURE**

Die Klub se kleure bestaan uit 'n Klubwapen op 'n donkerblou baadjie en 'n Klubdas. Ligakleure word gegee aan sodanige persone soos en wanneer deur die Keurkomitee bepaal en toegeken en mag slegs deur sodanige lede of gewese gekwalifiseerde lede gedra word.

## **B. LIDMAATSKAP**

### **8. KATEGORIEË VAN LEDE**

#### **8.1 VOL LID**

Enige persoon van welke ouderdom ook al wat op die voorgeskrewe wyse toegelaat word as 'n VOL LID en wie die voorgeskrewe intree- en ledelde betaal het. Sodanige lid is geregtig op al die voorregte van die Klub met stemreg en is verkiesbaar tot ampsdraer. Hierdie kategorie word beperk tot 'n maksimum van 750 lede.

#### **8.2 BEPERKTE LID**

Sodanige lid sal geregtig wees op die gebruik van al die geriewe van die Klub en kan die gholfbaan gebruik vanaf Sondae tot en met Vrydae teen betaling van speelfooie soos deur die komitee bepaal word. Sodanige lid is nie stemgeregtig nie en kan as sulks nie tot ampsdraer verkies word nie.

#### **8.3 OORGANGS LID (35 jaar oud en jonger)**

Dit is 'n persoon wat ten tye van sy aansoek om lidmaatskap, nie die ouderdom van 35 (vyf en dertig) jaar bereik het nie, en die voorgeskrewe intreegeld en ledelde vir OORGANGS LEDE betaal het. Sodanige lid geniet al die voorregte van 'n VOL LID met stemreg en is verkiesbaar tot ampsdraer. Indien so 'n lid voor die einde van die finansiële jaar van die klub 35 (dertig) jaar oud word, sal hy/sy vir die volgende finansiële jaar die voorgeskrewe ledelde van 'n VOL LID betaal.

#### **8.4 AANVANGS LID (26 jaar oud en jonger)**

Dit is 'n persoon wat ten tye van sy aansoek om lidmaatskap nog nie die ouderdom van 27 (sewe en twintig) jaar bereik het nie, en die voorgeskrewe intreegeld en ledelde vir AANVANGS LEDE betaal het. Sodanige lid geniet al die voorregte van 'n VOL LID met stemreg en is verkiesbaar tot ampsdraer. Indien so 'n lid voor die einde van die finansiële jaar van die Klub 26 (ses en twintig) jaar oud word, sal hy/sy vir die volgende finansiële jaar die voorgeskrewe ledelde van 'n OORGANGS LID betaal.

- 8.5 **SKOLIER LID (18 jaar oud en jonger)**  
Dit is 'n skoolgaande persoon onder die ouderdom van 19 (neentien) jaar. Sodanige lid sal geregtig wees op die gebruik van al die geriewe van die klub teen betaaling van speelfooie soos deur die komitee bepaal word. Sodanige lid het nie stemreg nie en kan as sulks nie gekies word tot ampsdraer nie. Indien so 'n lid voor die einde van die finansiële jaar van die Klub 18 (agtien) jaar oud word, sal hy vir die volgende finansiële jaar die voorgeskrewe ledegelede van 'n **AANVANGS LID** betaal
- 8.6 **ERELID**  
Dit is 'n persoon wat deur die komitee benoem en goedgekeur word vir 'n periode van 1 (een) jaar. Sodanige persoon sal dieselfde voorregte geniet as die van 'n VOL LID sonder dat hul egter ledegelede en speelfooie betaal. 'n ERELID wat 'n lid was met stemreg ten tyde van die ontvangs van ERELIDMAATSKAP, se stemreg sal behoue bly en kan tot ampsdraer verkies word.
- 8.7 **EREPRESIDENT**  
Dit is 'n persoon wat deur die Komitee benoem en goedgekeur word. Sodanige persoon sal lewenslank al die voorregte van 'n VOL LID geniet sonder betaling van ledegelede en speelfooie. 'n EREPRESIDENT het stemreg en kan tot ampsdraer verkies word.
- 8.8 **EX OFFICIO LID (Werknemers)**  
'n Voltydse werknemer van die Klub kan aansoek doen om toegelaat te word as 'n EX OFFICIO LID. Sodanige lid sal dieselfde voorregte geniet as 'n VOL LID en is vrygestel van ledegelede maar betaal wel speelfooie soos van tyd tot tyd vir hierdie kategorie vasgestel word. Sodanige lid het nie stemreg nie en kan nie tot ampsdraer verkies word nie. Met beeindiging van diens word lidmaatskap outomatis beeindig.
- 8.9 **SEISOENALE LID**  
'n Seisoenale lid is 'n lid wat nie voltyds in Suid Afrika woonagtig is nie, en oor 'n permanente oorseese adres beskik. Hierdie lid het dieselfde regte en voorregte as 'n VOL LID, maar het nie stemreg nie en kan nie tot ampsdraer verkies word nie. Die jaarlikse subskripsie betaalbaar vir so 'n lid sal die maandelikse pro rata fooi van 'n VOL LID wees met 'n minimum van 4 (vier) maande, plus 20% van die pro rata bedrag.

## **9. TOELATING AS LID**

- 9.1 Elke kandidaat vir lidmaatskap moet 'n aansoekvorm voltooi. Die volle name, beroep en adres van die kandidaat en enige ander inligting soos nodig geag deur die Komitee, moet op die aansoekvorm ingevul word en aan die kantoor geadresseer word. Die aansoekvorm moet by die Klubhuis vir 'n tydperk van ten minste 14 (veertien) dae op die kennisgewingbord geplaas en daarna aan die Komitee voorgelê word, wat dan deur middel van stemming per hand die verkiesing doen. Indien die meerderheid van die lede van die Komitee teenstemme inbring sal die aansoek om lidmaatskap afgewys word. Elke lid van die Komitee teenwoordig moet stem.

9.2 Geen kandidaat wat afgewys is, of wie se naam op die kennisgewingbord aangebring en later teruggetrek is, sal in aanmerking kom vir nominasie voordat 'n periode van 2 (twee) maande verstryk het nie.

9.3 'n Kandidaat wat goedgekeur is moet amptelik daarvan in kennis gestel en versoek word om homself vertroud te maak met die inhoud van die Grondwet, waarvan 'n afskrif beskikbaar is by die Klub se kantoor. Die toepaslike intreefooi en ledegeld moet dan betaal word. Na betaling daarvan sal die lid geag word onderworpe te wees aan al die bepalings van die Grondwet.

Indien so 'n lid in gebreke sou bly om binne 2 (twee) maande vanaf datum van die bogemelde amptelike kennisgewing te betaal, sal sy lidmaatskap ongeldig wees tensy die vertraging met die betaling tot bevrediging van die Komitee verduidelik kan word.

9.4 Lede word verbied om hul lidmaatskapregte of enige ander regte daarvan te verkoop.

## **10. STEMGEREGTIGDE LEDE**

Slegs lede soos omskryf in klousule en 8.1; 8.3; 8.4 8.6 (sien voorwaardes onder klousule 8.6); en 8.7 wie se ledegeld vir die voorafgaande jaar betaal is, is stemgeregtig en verkiesbaar tot die bestuur van die Klub.

## **11. REGISTER VAN LEDE EN KENNISGEWINGS AAN LEDE**

11.1 Die Sekretaris moet 'n amptelike Register met die name en adresse van die lede hou ooreenkomsdig die bepalings van Artikel 27 van die Drankwet Nr 87 van 1977 (soos gewysig).

11.2 Algemene kennisgewings van die Klub aan lede moet op die amptelike kennisgewingbord van die Klub aangebring word. Sodanige kennisgewings aan lede sal as voldoende beskou word.

11.3 'n Kennisgewing van vergaderings moet gepos word, soos in klousule 10, deur gewone pos dienste, aan die lede sonder 'n e-pos adres, en aan die ander lede per e-pos soos dit in die register verskyn.

11.4 Dit is die plig van elke lid om die kantoor onmiddellik van 'n adresverandering te verwittig

## **12. VERGADERINGS VAN LEDE**

### **12.1 ALGEMENE JAARVERGADERINGS**

Die Finansiële Jaar van die Klub eindig op 31 Desember van elke jaar. Die Algemene Jaarvergadering sal op so 'n tyd en plek gehou word soos deur die Komitee bepaal, maar nie later nie as die einde van Maart van elke jaar. In sodanige vergadering sal die Komitee 'n verslag en finansiële state, behoorlik geoudit vir die voorafgaande tydperk wat op 31 Desember verstryk het, voorlê.

## **12.1.1 KENNISGEWING VAN VERGADERINGS**

### **a) Algemene Jaarvergadering**

'n Kennisgewing van die dag en tyd van die Algemene Jaarvergadering moet aan al die lede per SMS of E-POS ten minste 30 dae voor die vergadering gestuur word waarin lede versoek word dat enige agenda punte of voorgestelde wysigings aan die Konstitusie ten minste 14 dae voor die vergadering by die kantoor ingedien word vir insluitingby die agenda. Die agenda, insluitende die voorstelle, moet dan 7 (sewe) dae voor die vergadering aan al die lede wat nie E-POS adresse het nie, gepos word via die Poskantoor stelsel, en per E-POS gestuur word aan lede wat volgens die lede register wel E-POS adresse. Die Agenda moet ook op die Klub se Kennisgewingbord aangebring word vir 7 (sewe) dae voor die vergadering.'n

### **b) Spesiale Algemene Vergadering**

'n Kennisgewing van die dag en tyd van 'n Spesiale Algemene Vergadering moet aan al die lede gestuur word ten minste 7(sewe) dae voor die vergadering volgens die riglyne in a) hierbo en op die Kennisgewingbord geplaas word binne dieselfde periode.

Toevallige versuim om sodanige kennisgewing aan 'n betrokke lid te stuur, sal nie die vergadering ongeldig maak nie.

## **12.1.2 KWORUM BY VERGADERINGS**

Die kworum vir 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering is 10 (tien) lede. Geen saak sal behandel word tydens so 'n vergadering tensy 'n kworum nie aanwesig is nie. Indien geen kworum aanwesig is binne 15 (vyftien) minute na die geadverteerde tyd van so 'n vergadering nie, sal die vergadering beskou word as uitgestel tot dieselfde tyd en plek op dieselfde dag van die volgende week. Die lede teenwoordig op sodanige latere dag sal 'n kworum vorm.

## **12.1.3 VOORSITTER**

Die Voorsitterstoel by alle Algemene Vergaderings van die Klub sal ingeneem word deur die President van die Klub, of in sy afwesigheid deur die Kaptein of indien hy in gebreke bly, deur een van die Komiteelede aangewys deur die Vergadering.

## **12.1.4 SAKE TYDENS ALGEMENE JAARVERGADERING**

Sake wat tydens die Algemene Jaarvergadering behartig sal word is:

- a) Goedkeuring van die Notules van die vorige Algemene Vergadering.
- b) Ontvangs en goedkeuring van die Komitee se Verslag en Finansiële State van die vorige Finansiële Jaar

- c) Die verkiesing van 'n President en Komitee soos uiteengesit in hierdie Reëls.
- d) Die verkiesing van Ere-Presidente, en Ere-lede.
- e) Afhandeling van enige algemene sake waarvan kennis gegee is in die Kennisgewing van die Vergaderings. Kennisgewing van enige spesiale saak of besluit wat lede aan die Algemene Jaarvergadering wil voorlê moet skriftelik aan die komitee van die Klub voorgelê word, ten minste 14(veertien) dae voor die Jaarvergadering van elke jaar.
- f) Geen besluite kan onder algemene bespreking geneem word nie.

12.1.5 Die Voorsitter by enige Algemene Vergadering kan met die Vergadering se toestemming die vergadering uitstel van tyd tot tyd en plek tot plek. Onderhewig aan klousule 12.1.2 sal geen sake aandag kry op 'n uitgestelde vergadering, waarvoor die nodige kennisgewing gegee is nie anders dan sake wat onafgehandeld gelaat was by die vergadering wat uitgestel is.

#### 12.1.6

- a) Slegs lede genoem in klousules 8.1; 8.3; 8.4; 8.6 (sien voorwaardes onder klousule 8.6); en 8.7 is geregtig om te stem op Algemene Vergaderings, maar enige ander lid mag die Vergadering bywoon en kan deur die Voorsitter toegelaat word om die Vergadering toe te spreek.
- b) Enige voorstel wat vir beslissing voorgelê word sal bepaal word deur die opsteek van hande tensy ten minste 5 (vyf) lede aandring op 'n stemming per stembrief. Indien daar 'n staking van stemme is, sal die Voorsitter 'n beslissende stem hê. Stemming per stembrief sal onmiddellik geskied. Die uitslag van 'n stemming sal deur die Voorsitter bepaal word en finaal wees.

### 12.2 SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

Die komitee mag enige tyd 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede belê deur kennis te gee nie minder nie as 7 (sewe) dae voor sodanige vergadering. Die doel van sodanige vergadering moet op die kennisgewing vermeld word. Indien ten minste 10 (tien) lede (wat stemreg het by 'n Algemene Vergadering) versoeke dat 'n Spesiale Algemene Vergadering belê word en waarin die doel van die vergadering vermeld word, moet die Komitee op die voorgeskrewe wyse 'n Spesiale Algemene Vergadering belê. Geen ander sake sal tydens so 'n vergadering aandag geniet nie.

## 13. REGTE EN VERPLIGTINGE VAN LEDE

### 13.1 KLAGTES DEUR LEDE

Alle klagtes moet skriftelik aan die Sekretaris gerig word wie dit aan die komitee

sal voorlê vir beslissing. Die beslissing van die Komitee sal bindend op alle lede wees.

### 13.2 SKADE GELY DEUR LEDE

Geen lid, gas of besoeker sal die reg hê om 'n aksie in te stel teen die Klub vir enige skade gely of beserings opgedoen as gevolg van sy eie nalatigheid en versuim om die reëls van die Klub na te kom nie.

### 13.3 BETALING VAN LEDEGELD

Die ledegelde betaalbaar ten opsigte van die onderskeie kategorieë van lede sal wees soos jaarliks besluit tydens die Algemene of Spesiale Jaarvergadering. Die Komitee sal die reg hê om die ledegelde aan te pas in 'n geval waar 'n lid aansluit nadat 'n gedeelte van die finansiële jaar reeds verloop het, of onder enige ander spesiale omstandighede. Hierdie reg kan alleenlik deur die volle Komitee uitgeoefen word en nie deur individuele ampsdraers nie. Die jaarlikse ledegelde is ten volle betaalbaar op 31 Desember elke jaar of op 'n later datum soos deur die Komitee bepaal.

### 13.4 SKADE VEROORSAAK DEUR LEDE

Lede moet betaal vir die vervanging of herstel (na gelang die Bestuur bepaal) van enige artikel wat die eiendom is van die Klub wat deur lede of hulle gaste gebreek of beskadig word.

### 13.5 AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

13.5.1 'n Lid se aanspreeklikheid teenoor skuldeisers van die Klub is beperk tot die bedrag van sy/haar onbetaalde ledegeld vir die lopende jaar en enige ander gelde wat hy/sy aan die Klub skuld. Slegs bates van die Klub is onderhewig aan beslaglegging vir die laste en skulde van die Klub. Die Klub is verantwoordelik vir sy eie verpligtinge en geen hulp wat die klub aan enige persoon of liggaam bied sal dit verantwoordelik maak vir die verpligte van sodanige persoon of liggaam nie.

13.5.2 Enige lid word gevrywaar teen enige risiko's, onkostes en uitgawes uit die Bates van die Klub en hulle verantwoordelikheid is beperk tot hulle aanspreeklikheid as lede soos bepaal in subparagraph 13.5.1 hierbo, en hulle is nie verantwoordelik vir enige verlies wat die Klub mag ly nie.

### 13.6 SPEELREGTE

Slegs lede genoem in klousules 8.1; 8.3; 8.4; 8.5; 8.6; 8.7; 8.8 en 8.9 sal geregtig wees om deel te neem aan kompetisies op Saterdae en Openbare Vakansiedae, Liga en Klubkampionskappe, sonder toestemming van die Komitee.

#### 13.6.1 SPEELREGTE: SPESIALE GOEKEURING VIR LIGADEELNAME

Die komitee mag op 'n jaarlikse basis besluit om, op aansoek van individuele lede of op aanbeveling van die ligakomitee, toestemming te verleen aan enige nie-kwalifiserende lid vir doeleinades van verkiesing tot en deelname in

verteenwoordigende spanne van die klub, binne die reels van die W.P. liga, gedurende die betrokke jaar.

#### **14. BEDANKING VAN LEDE EN VERANDERING VAN LIDMAATSKAP**

Enige lid wat uit die Klub wil bedank moet dit skriftelik aan die Kantoor doen voor 31 Desember van die betrokke jaar. Indien hy in gebreke bly om dit te doen kan hy verantwoordelik gehou word vir die volgende jaar se ledegelede.

#### **C. BESTUUR**

#### **15. AMPSDRAERS EN BESTUURSLEDE**

Die bestuur van die klub sal berus by 'n komitee van 9 (nege) lede bestaande uit die Kaptein, Onderkaptein en 7 (sewe) gekose lede en die ampslede soos genoem in Klousule 12.1.4(c) wie die besluitneemingsmagte van die Klub sal beheer.

- 15.1 Die Bestuurslede sal ten minste 3 (drie) persone van die komitee aanwys, wat nie in 'n vewantskap met mekaarstaan nie, wie die vertrouensverantwoordelikheid van die Klub in terme van die Inkomste Belastingswet van 1962 soos gewysig, sal aanvaar.

#### **16. VERKIESING VAN AMPSDRAERS EN BESTUURSLEDE**

Op elke Algemene Jaarvergadering moet een derde van die lede van die Komitee uittree op 'n roterende basis en nuwe lede in hulle plekke in die Komitee verkies word.

Uittredende lede van die Komitee kom oumaties in aanmerking vir herverkiesing sonder nominasie.

Enige vakature wat gedurende die jaar in die Komitee ontstaan, sal deur die Komitee gevul word deur koöptering. So 'n persoon moet met die Algemene Jaarvergadering uittree selfs al sou die persoon nie bestem wees om uit te tree nie. Waar 'n lid verkies word in die plek van 'n lid wat bedank het, sal die nuwe lid in die Komitee dien vir die res van die onverstreke periode van die lid wie bedank het.

Met elke Algemene Jaarvergadering sal die lede 'n President en n Kaptein kies indien nodig uit die genomineerde komitee lede, asook 'n Onder-Kaptein uit die oorblywende lede van die Komitee. Die getal vaktures wat ontstaan deur die verkiesing van die Kaptein en Onder-Kaptein en die plek van uittredende lede sal bepaal hoeveel lede verkies moet word om die oorblywende vaktures te vul. Die President, Kaptein en alle ander kandidate vir verkiesing as lede van die Komitee moet skriftelik voorgestel en gesekondeer word en die kandidate moet die nominasies skriftelik aanvaar. Sodanige nominasies moet op die kennisgewingbord aangebring word ten minste 7 (sewe) dae voor die Algemene

Jaarvergadering. Die President en die Kaptein word vir 'n ampstermy van 2 (twee) jaar verkies en sal gedurende hul termyn 'n lid van die Komitee met stemreg wees.

## 17. VERGADERINGS VAN DIE BESTUUR

- a) Die Komitee sal vergader van tyd tot tyd soos vereis word om die sake van die klub te bestuur, maar minstens 4 (vier) keer per jaar. en sal sodanige lid wat afwesig is van drie agtereenvolgende vergaderings sonder vooraf geldige verskoning, uit die Komitee skors. Die sub-komitees soos saamgestel deur die kaptein sal een keer per maand vergader.
- b) Vyf lede van die Komitee sal 'n kworum vorm vir 'n vergadering.
- c) Tydens Komiteevergaderings sal die Kaptein, of in sy afwesigheid, die Onder-kaptein, of in die geval van albei se afwesigheid, 'n lid van die Komitee wat verkies is deur die ander lede van die Komitee voorsit.
- d) Vraagstukke wat tydens 'n vergadering van die Komitee te berde gebring word, sal beslis word deur die meerderheid van stemme van lede teenwoordig. Die Voorsitter sal 'n beslissende stem bo en behalwe sy stem as 'n lid van die Komitee hê.
- e) Die Sekretaris moet alle Komiteebesluite boekstaaf in 'n Notuleboek en sal volledige notules neem van die Komiteevergaderings ooreenkomsdig die Drankwet Nr 87 van 1977 (soos gewysig).

## 18. BEVOEGDHEDE EN VERPLIGTINGE VAN DIE BESTUUR

Die Komitee het magtiging en outhoorn om op te tree soos die Klub dit sou doen behalwe in die geval van sake wat spesifiek volgens hierdie Reëls slegs tydens 'n Algemene Jaarvergadering van lede afgehandel moet word. Behalwe die algemene magte en outhoorn wat hiermee aan die Komitee verleen word, en sonder om enigsins sodanige magte en outhoorn te beperk, beskik die Komitee oor die volgende spesiale magte.

### 18.1 VASSTELLING VAN TARIEWE

- a) Om die fooie te bepaal en enige tyd te wysig wat betaalbaar is deur besoekers of gaste wat deur lede ingeteken word.
- b) Om die speelfooie en heffings betaalbaar deur lede te bepaal en enige tyd te wysig.

### 18.2 TOELATING VAN NIE-LEDE TOT DIE PERSEEL

Die Komitee het die reg om toestemming aan nie-lede te gee vir die gebruik van die Klub op voorwaardes soos deur die Komitee bepaal word of om sodanige toestemming te weier volgens hul eie diskresie.

### 18.3 LENINGS-/BELEGGINGSBEVOEGDHEID NAMENS KLUB

Die Komitee het die bevoegdheid om bankrekenings namens die Klub te open en oortrekkings op sodanige bankrekenings te maak, om geld te onttrek, te aanvaar, te endosseer, wissels uit te reik, skuldbewyse en ander verhandelbare middels wat te make het met die besigheid van die Klub, uit te reik en hulle mag ook besigheid bedryf deur middle van die Internet en Elektroniese bankdienste.

Sodanige wissels en ander verhandelbare middels moet deur twee lede van die Komitee of een lid van die Komitee tesame met 'n werknemer van die Klub soos deur die Komitee aangewys, onderteken word. Die Komitee mag geld leen of bekom op so 'n manier en teen sodanige sekuriteit en sodanige termyn voorwaardes soos bepaal deur 'n Spesiale Algemene Vergadering vir lede wat spesiaal vir daardie doel belê is.

Enige dokument wat deur die Klub onderteken moet word, word beskou as behoorlik onderteken indien dit onderteken is deur 'n lid van die Bestuur of 'n ander persoon wat behoorlik deur die Bestuur daartoe gemagtig is.

Enige gelde beskikbaar vir beleggings mag alleenlik belê word in 'n geregistreerde Finansiële Instelling soos in afdeling 1 van die Finansiële Instellings (Belegging van Fondse) wet, 1984 en by Sekuriteite, wat gelys is op 'n genoteerde aandele mark soos omskryf in die Aandele mark beheer wet, 1985 (wet no 1 van 1985) Klosule 11(a)

#### 18.4 ONDERTEKENING VAN DOKUMENTE

Geregtelike stappe ten behoeve van die Klub word ingestel onder handtekening van die President of enige lid van die Bestuur wat daartoe gemagtig is. Die Klub kan in sy eie naam dagvaar en gedagvaar word.

#### 18.5 OPSTEL VAN HUISHOUDELIKE REËLS

Die Bestuur mag huishoudelike reëls vir die Klub maak, wysig en herroep mits sodanige reëls nie teenstrydig met die Grondwet is nie. Sodanige reëls sal te alle tye vir inligting van lede beskikbaar wees.

#### 18.6 AANSOEK DOEN VIR DRANKLISENSIE

Die Komitee het die bevoegdheid om aansoek te doen vir die Klub se dranklisensie of die hernuwing daarvan en dit sal gedoen word in die naam van die Bestuurder/Sekretaris van die Klub.

#### 18.7 KENNISGEWING AAN LEDE

Kennis in verband met enige Algemene Vergadering geskied skriftelik aan lede by die pos of e-pos adresse soos in die register van die Klub. Kennisgewing van aansoeke wat ontvang is van aspirantlede en van enige reeling van die Bestuur in verband met die beheer en administrasie van die persele of die verskaffing van geriewe hoef slegs aangebring te word op die amptelike kennisgewingbord in die Klubhuis.

#### 18.8 HANTERING VAN NOODGEVALLE

Indien enige noodgeval ontstaan wat dit noodsaaklik maak vir die bestuur om in belang van die Klub stappe te doen waarvoor die Grondwet nie voorsiening maak nie, het die Bestuur gesag en magtiging om sodanige stappe as wat nodig mag wees te doen, en moet daarna in 'n Algemene Vergadering van lede verslag doen oor die aard van sodanige optrede.

#### 18.9 RESERVERING VAN GEDEELTES VAN PERSELE

Die Bestuurder van die Klub of enige Bestuurslid kan enige lid of gaste van lede toegang tot die Klubpersele verbied as dit na sy mening in die belang van die Klub is. Sodanige optrede of 'n waarskuwing aan 'n lid dat sodanige optrede oorweeg word of onder sekere omstandighede oorweeg sal word, moet binne 24 (vier en twintig) uur aan die Klubkaptein, of waarnemende Klubkaptein, en binne 7 (sewe) dae aan die Bestuur voorgelê word vir optredes

#### 18.10 DISSIPLINE

Indien enige lid, volgens die uitsluitlike en absolute diskresie van die Komitee, 'n doelbewuste oortreding van die Reëls van die Klub begaan of hom skuldig maak aan onbehoorlike gedrag; of in gebreke bly om geld verskuldig aan die Klub te betaal nadat die nodige kennis gegee is; of hom skuldig maak aan optrede wat die Klub se beeld skaad, hetsy dit binne of buite die grense van die Klub plaasvind, sal die Komitee die volgende magte hê:

- a) Om so 'n lid lewenslank te skors, op voorwaarde dat ten minste twee derdes van al die Komiteelede ten gunste van so 'n skorsing stem.
- b) Om so 'n lid se regte en voorregte van hom te weerhou vir 'n periode volgens die Komitee se diskresie en soos hulle gepas ag.
- c) Om so 'n lid skriftelik te versoek om voor die Komitee of 'n Sub-Komitee wat deur die komitee aangewys is, te verskyn en sy gedrag aan die Komitee te verduidelik. Sou so 'n lid versuim om voor die Komitee te verskyn, hom te skors of met hom te handel volgens hulle diskresie.
- d) Om enige sodanige lid te berispe.
- e) Om so 'n lid te versoek om sy gedrag skriftelik te verduidelik en om daarna, of hy voldoen aan die versoek of nie, met so 'n lid te handel in terme van enige ander sub-seksie van hierdie klousule. In die geval van 'n lid wat in terme van hierdie klousule lewenslank geskors word sal so 'n persoon nie geregtig wees op 'n terugbetaling van enige bydrae, ledegelede of ander fooie deur hom betaal nie.
- f) 'n Lid magappeleer teen die beslissing van die komitee, op voorwaarde dat hy skriftelik aansoek doen by die Sekretaris van die Klub binne 14 dae nadat sodanige lid van die komitee se beslissing verwittig is.

Geen lid sal geskors word tensy en totdat die Komitee hom die geleentheid gegee het om voor die Komitee, of 'n Sub-Komitee deur die Komitee aangewys te verskyn op 'n tyd en plek volgens diskresie en soos geskik geag, sy gedrag te verduidelik en 'n behoorlike dissiplinêre verhoor plaasvind.

Die Komitee se beslissing in enige appel onder hierdie klousule sal bindend wees.

#### 18.11 OPSKORTING VAN LIDMAATSKAP

Indien dit, nadat 'n kandidaat as 'n lid aanvaar is, blyk dat hy aanvaar is onder 'n misverstand of fout in identiteit, of as gevolg van wesenlike foutiewe inligting oor sy karakter en posisie, het die Komitee die mag om sy lidmaatskap nietig te verklaar.

Die lid wie se aansoek op so 'n manier nietig verklaar is sal onmiddellik sy lidmaatskap verbeur en sal geen eis hoegenaamd teen die Klub hê vir skade, terugbetaling van intreefooi of ledegelede of enige ander gronde nie. Die Komitee het egter die reg om 'n ex-gratia terugbetaling van intreefooi of ledegelede te maak soos

hulle goeddunk. So 'n persoon mag heraansoek doen om lidmaatskap enige tyd na 12 (twaalf) maande vanaf die datum van kansellasie van sy lidmaatskap.

## **18.12 ANDER ALGEMENE BEVOEGDHEDE**

Benewens bogemelde en sonder om afbreuk te doen aan die algemene magte en bevoegdhede wat aan die Komitee verleen word het die Komitee voorts die reg om:

- a) Kwitansies uit te reik, kwytskeldings en ontheffings te doen vir gelde verskuldig aan die Klub en om te reël vir alle versekering in belang van die Klub.
- b) Te koop, verkoop en handel te dryf in alle soorte toerusting en voorraad benodig deur persone wat die Klub besoek.
- c) Personeel en werknemers aan te stel, te skors of af te dank soos dit nodig mag blyk en ook sodaniges se vergoeding en diensvoorraarde te bepaal.
- d) Kompetisies en toernooie te reël en enige spesiale reëlings wat daarmee gepaard gaan te behartig.
- e) Die voorwaardes vir wederkerigheid met ander Klubs te reël.
- f) Kandidate vir lidmaatskap te kies en die naam van enige lid wat in gebreke bly om sy gelde aan die Klub te betaal van die lederegister te verwijder.
- g) Alle klagtes en geskille waarby lede of Beampies of werknemers van die Klubbetrokke is, te behartig en by te lê op voorwaarde dat dit skriftelik versoek word deur 'n persoon betrokke in die geskil en dat die aard van die geskil of klakte ook skriftelik uiteengesit word. Enige persoon betrokke by die klakte of geskil mag appelleer teen die beslissing van die Komitee tydens 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Klub, op voorwaarde dat sy voornemens om te appelleer aan die Klub se sekretaris voorgelê word binne 14 (veertien) dae nadat sodanige persoon van die Komitee se beslissing verwittig is.
- h) Uit lede van die Komitee en/of die Klub sub-komitees met enige getal lede of vir enige doel aan te wys; om sodanige magte aan sodanige sub-komitees te deleger soos wat die Komitee gewens ag en om na goeddunke enige sub-komitee nietig te verklaar. Die Kaptein sal amphalwe 'n lid van al die sub-komitees wees. Elke sub-komitee sal sy eie Voorsitter hê wie se taak dit sal wees om vergaderings van sy sub-komitee van tyd tot tyd te belê

## **19. DAMESAFDELING**

19.1 Alle dames lede van enige kategorie van lidmaatskap van die Klub sal 'n intergrale seksie binne die Klub vorm en sal die DAMESAFDELING genoem word.

19.2 Hierdie afdeling het ten doel om om te sien na sake wat spesifiek van toepassing is op dames en dames golf, en ten einde uitvoering te gee tot die organisasie en fasilitering van sulke sake.

19.3 Die DAMESAFDELING sal sy eie Regulasies en Reëls hê onderhewing aan die Konstitusie en Regulasies van die Klub. Enige wysigings daar toe sal onderhewing wees aan goedkeuring deur die Komitee.

19.4 Die DAMESAFDELING mag ampsdraers aanstel om uitvoering te gee aan

die vereistes van die Regulasies en Reels van die DAMESAFDELING,  
onderhewig aan Konstitusie en Regulasies van die Klub, en goedkeuring deur  
die Komitee

19.5 Die DAMESAFDELING moet jaarliks 'n ledevergadering hou nie mider as twee weke voor die Algemene Jaarvergadering van die Klub nie. Die verslag van die DAMESAFDELING se ledevergadering moet op die Kennisgewing bord geplaas word vir insluiting by die Klub se Jaarverlag.

## **D. ALGEMEEN**

### **20. AANSTELLING VAN OUDITEURS**

Die rekeninge en state van die Klub moet elke jaar deur 'n Ouditeur hersien word en die vereiste aanslae vir belasting doeleindeste met ondersteunende dokumente indien. Die Komitee sal die Ouditeur aanstel.

### **21. GASTE**

Voordat enige gas deur 'n lid op die persele van die Klub onthaal mag word, moet die lid die naam en permanente woonadres van die gas asook sy eie naam aanbring in 'n boek wat deur die Bestuur verskaf word.

Lede sal persoonlik aanspreeklik gehou word vir die gedrag van hul gaste by die Klub.

'n Persoon wie se teenwoordigheid op die Klubpersele deur die Bestuur as ongewens beskou word, mag nie as gas of lid op die persele gebring word nie.

### **22. WYSIGING VAN GRONDWET**

- a) Hierdie Grondwet kan slegs gewysig word indien dit gesteun word deur 'n twee-derde meerderheid van lede teenwoordig op 'n vergadering (insluitend die Algemene Jaarvergadering) wat vir die doel belê is, en waarvoor 'n kennisgewing 7 (sewe) dae vooraf in die geval van 'n Spesiale Algemene Vergadering en 14 (veertien) dae in die geval van 'n Algemene Jaarvergadering aan elke lid gestuur is waarin die beoogde wysiging of byvoeging gemeld word.
- b) Enige wysigings aan die grondwet sal aan die Kommisaris van Binnelandse Inkomste voorgelê word

### **23. ONTBINDING VAN KLUB**

Die Klub kan ontbind word deur 'n besluit van nie minder nie as 75% (vyf en sewentig per centum) van die stemgeregtigde lede op 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering waarvan kennis gegee is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet, met spesiale vermelding van die voorneme om 'n besluit tot die ontbinding van die Klub voor te stel. By aanname van sodanige besluit tot ontbinding word 'n likwidator deur die voormalde Algemene

Vergadering aangestel. Gemelde likwidateur moet alle bates van die Klub te gelde maak en die opbrengs soos volg aanwend:

- a) Alle skulde en verpligtinge van die Klub betaal insluitende die gelde van die likwidateur; en
- b) Die bates van die Klub wat oorbly na voldoening van sy verpligtinge oor te maak aan 'n soortgelyke Klub of Vereniging met dieselfde doelstellings en wat eweneens vrygestel is van die betaling van Inkomstebelasting.

#### **24. UITLEG VAN GRONDWET**

Indien enige twyfel of dispoot ontstaan oor die behoorlike samestelling of vertolking van die Reëls of Tussentydse Reëls van die Klub, sal die saak na die Komitee verwys word wie se beslissing final en bindend sal wees, tensy die beslissing deur twee derdes van die lede teenwoordig, wat stemgeregtig is met die Algemene Jaarvergadering of enige Spesiale Algemene Vergadering wat vir so 'n doel belê is, nietig verklaar word.

oooOooo

# KUILSRIVIER GOLF CLUB CONSTITUTION

## CONTENTS

### A. THE CLUB

1. NAME
2. DEFINITIONS
3. STATEMENT OF PURPOSE
4. LEGAL PERSONALITY
5. ACTIVITY
6. RULES OF THE GAME
7. CLUB COLOURS

### B. MEMBERSHIP

8. CATEGORIES OF MEMBERS
  - 8.1 Full Member
  - 8.2 Limited Member
  - 8.3 Intermediate Member (35 and under)
  - 8.4 Initial Member (26 and under)
